automechanika
SOUTH AFRICA

Persverklaring

Automechanika - vooraanstaande handelskou
vir die motorbedryf
Johannesburg Expo Centre, 18 - 21 Maart 2009

Medianavrae:

Roger Houghton : Mediabestuurder
Tel: 011 476 7400
Faks: 086 505 8957
e-pos: houghtonr@mwebbiz.co.za
Web: www.automechanikasa.co.za

BARNARD-"HIPERMOTOR" BY AUTOMECHANIKA SA TE SIEN

Die prototipe van die Barnard 101, een van net twee hoëverrigting-supersportmotors wat in Suid-Afrika vervaardig is en onlangs onthul is, sal van Woensdag tot Saterdag (18 tot 21 Maart) by die eerste Automechanika SA-voertuigskou by die Expo-sentrum, Nasrec, ten toon gestel word.

Die prototipe van die ander plaaslik vervaardigde supersportmotor, die Perana Z-One, is in Europa nadat dit vroeër vandeesmaand die enigste uitstalling by die Zagato-ontwerpstudio se uitstalling op die Geneefse motorskou was.

Die Barnard en 'n reeks foto's van die Perana sal op 'n spesiale uitstalling te sien wees waar uitstaande Suid-Afrikaanse voertuigtegnologie ten toon gestel sal word.

Daarbenewens sal Peter de Weerdt van Unichip 'n tweeling-turbo-Lamborghini Gallardo uitstal wat die potensiaal van die plaaslik ontwikkelde Unichip Q-enjin-beheerstelsel onthul – dit verhoog die motor se verrigting tot 1 052kW, ofte wel sowat twee en 'n half keer meer as dié van die oorspronklike enjin.

'n Vierde aspek van die uitstalling sal die plaaslik geboude Nissan Navara-veldrenbakkie wees wat in Midrand gebou is en toekennings regoor die wêreld losgejaag het, waaronder die vierde en vyfde plekke in die 2009-Dakar-veldtydren. Ongelukkig sal al die Nissan Motorsport-renspan se Navaras hierdie week in die Wes-Kaap jaag, dus sal daar 'n fotografiese uitstalling van dié uitstaande voertuig wees waarvan 23 weergawes reeds uitgevoer is.

Die Barnard met sy middelgemonteerde enjin en wat in Bloemfontein gebou word, lyk soos 'n Le Mans-prototipe renmotor en is ontwerp om "opwindende padverrigting te lewer terwyl dit ook die vermoë het om op rendae gebruik te word". Die motor word aangedryf deur 'n Porsche V8-enjin wat sowat 460kW lewer, en het 'n geskatte topspoed van nagenoeg 300km/h. Sy prys is "vanaf R1,1 miljoen".

Nog inligting is beskikbaar by:
Roger Houghton 011 476 7400 houghtonr@mwebbiz.co.za

Persverklaarings en fotos is elektronies beskikbaar by:
www.quickpic.co.za en www.automechanikasa.co.za